

REFORMASIE 500 (Artikel 3)

WYCLIFF BEREI DIE GROND VOOR!

Op reis terug in ons gereformeerde verlede is daar talle persone wat 'n belangrike rol in die geskiedenis gespeel het by wie ons kan aandoen. John Wyclif is een van hierdie mense.

Dié belangrike Engelse hervormer van die laat Middeleeue is omstreeks 1324 gebore. Hy was een van die rolspelers wat die grond vir Luther en die reformasie help voorberei het.

Wyclif is in 1340 na Oxford waar hy met sy teologiese studie begin het. Hy het hom gou die wrewel van die kerk op die hals gehaal toe hy die regering se onteining van eiendom van korrupte kerkdienaars gesteun het.

Hy het verder gegaan deur kernleerstellinge van die kerk te bevraagteken. Een daarvan was die belangrike transubstansiasieleer. Hy was van mening dat Christus geestelik teenwoordig is in die nagmaal en het verder geleer dat die kerk uit die Here se uitverkorenes bestaan en nie priesters nodig het om as tussengangers tussen hulle en die Here op te tree nie.

Een van die heel belangrikste nalatenskappe van Wyclif was die feit dat hy die kollig weer op die Bybel laat val het. Hy was uitgesproke oor die gesag van die Bybel wat volgens hom nie net nog 'n gesagvolle dokument naas ander was nie, maar wat uitgestaan het bo alle ander bronne.

Hy het dit as die “wet van Christus” beskryf en alle ander dokumente bloot as “takke wat uitspruit uit Christus se wet” beskou. Daarom het hy ook die Latynse Vulgaat in Engels vertaal. Dit het bekend geword as die Wyclif-Bybel.

Wyclif se bydrae tot ons gereformeerde verlede kan opgesom word deur 'n stelling van sy groep ondersteuners, die Lollarde of mompelaars: “Daarom vra ons God in sy wonderlike goedheid om ons kerk te hervorm ... tot die volmaaktheid wat dit aan die begin gehad het.”

John Wyclif het die eerste tree gegee op die pad waarop Luther later sou loop.

Geskryf deur Prof Johan van der Merwe (Kerkgeskiedenis-professor aan die Universiteit van Pretoria vir e-Kerkbode).

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100



JAARTEMA:

Sáám gee ons om!

Mei 2017

DIE GROOT VERSKIL WAT DIE HEILIGE GEES IN ONS LEWE MAAK



In 'n tydskrif was die merkwaardige foto van 'n gewone strooitjie (waarmee 'n mens uit 'n glas drink) wat dwarsdeur 'n telefoonpaal steek. Hoe is dit moontlik? Is dit deur kullery of gepeuter met die foto? Die antwoord was “nee!”. Dit was 'n egte foto wat uit vroeër jare dateer en wat geneem is na 'n tornado. Hierdie swak-strooitjie is met die krag van die tornado dwarsdeur die paal gedryf. Ongelooflik!

Ons is soos swak strooitjies wat deur die krag van die Heilige Gees tot meer in staat is as wat ons dink. Of anders gestel: die Heilige Gees in ons maak al die verskil in ons lewe sodat ons die mens kan wees wat God wil hê ons moet wees en volgens Sy wil te leef.

Op 'n werkterrein waar twee persone saam gewerk het, het die een skielik dood neergeslaan. Die ander persoon het uit skok die werksmaat probeer laat regopsit, maar sonder sukses. Hy sê toe na 'n paar keer se probeer om hom te laat sit “hy kort iets in sy binneste, help nie ek probeer hom laat sit nie”. Nogal 'n prentjie van baie lidmate wat op allerlei maniere regop gehou moet word, maar sonder sukses. Die rede...daar kort iets in die binneste.

Die goeie nuus is dat elke kind van God hierdie “iets-in-ons-binneste”

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

ontvang het nl die Heilige Gees. Deur die Gees kan ons leef in vryheid, vrugdra tot God se eer, oorwin en intieme gemeenskap met God geniet asook met sekerheid na die toekoms uitsien.

Daarom nooi ons jou uit na die pinksterreeks-bidure waar ons saam na Romeine 8 gaan kyk watter GROOT verskil die Heilige Gees in ons lewe maak en wil maak.

ds Leon van Heerden

---- DATUMS VAN BELANG ----

- ♦ **1 Mei:** Vakansiedag - Werkersdag
- ♦ **14 Mei:** Moedersdag - Kinders woon oggenddiens by
- ♦ **25 Mei:** Hemelvaart
- ♦ **28 Mei:** Youthbash om 17:00
- ♦ **29 Mei:** Pinksterdienste begin

Sien jou daar!

BOOMSLOPINGS & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za



Moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, Ek gaan iets nuuts doen.

Jesaja 43:18-19

REFORMASIE 500 (Artikel 2)

OP DIE DRUMPEL VAN DIE GROOT HERGEBOORTE

Met die eerste tree op ons reis terug na ons gereformeerde verlede bevind ons ons op die drumpel van die wêreld van die Renaissance. Dit beteken hergeboorte, en is gebruik om die herlewing van die waardes van die klassieke Griekse en Romeinse beskawings aan te dui.

Die groot hergeboorte het aan die begin van die 15e eeu in Italië begin en gedurende die 15e en 16e eeue oor die grootste deel van Wes-Europa versprei.

Dit het plaasgevind in 'n wêreld waarin die mensdom twee groot bedreigings beleef het – die pes wat ook bekend gestaan het as die Swart dood en die Turke. Beide het teen die middel van die 14e eeu op die toneel verskyn.

Builepes het Europa teen ongeveer 1347 getref en binne drie jaar 'n derde van Wes-Europa se bevolking uitgewis. In 1354 het die Moslem-Turke 'n wesenlike bedreiging geword toe hulle Gallipoli ingeneem het en hulle opmars na Europa begin het. Hierdie bedreiging het die mensdom na 'n nuwe era laat smag.

Die Renaissance het die kerk ook direk geraak en sou die teelaarde word van die reformasie. Volgens oorlewering is die kerk op die drumpel van die Renaissance gekenmerk deur nalatigheid, gebrekkige opleiding, pligversaking en losse sedes onder die geestelikes. Hierdie toestand is deur die meeste lidmate as vanselfsprekend aanvaar.

Wat sake vererger het, is die hoë mate van amptelike goedkeuring wat hierdie wanpraktyke geniet het. Machiavelli, 'n bekende politieke kommentator uit die 15e eeu, skryf byvoorbeeld dat korrupsie al meer toeneem hoe nader jy aan Rome beweeg het. In 1510, sewe jaar voor sy openbare protes, lees ons dat Luther ook diep geskok was na 'n besoek aan Rome.

Die donker omstandighede in Europa op die drumpel van die Renaissance het nie net die samelewing nie, maar ook die kerk voorberei op 'n nuwe era wat sou aanbreek.

Geskryf deur Prof Johan van der Merwe (Kerkgeskiedenis-professor aan die Universiteit van Pretoria vir e-Kerkbode).

MOEDERSDAG



Sondag 14 Mei word al die Mammass uitgenooi vir 'n spesiale bederf.

Sooooooooo
baie lief
vir Ma!



ARGELOGIESE PRAATJIE 28 MEI

Aksie Plus nooi u graag uit!

Datum: Sondag 28 Mei

Tyd: 14:00

Ons is opgewonde dat prof. Magdel le Roux (van UNISA) weer gewillig is om haar Sondagmiddag op te offer om ons toe te spreek en iets besonder te wys.

Sy gaan vertel van haar opgrawingswerk in Hasar, die stad wat Debora en Barak verower het (Rigters 4-5 en Josua 19). (Dalk het sy die berugte tentpen gevind)

Almal wat laas jaar haar aanbieding bygewoon het sal getuig dat dit 'n voorreg was om haar aan te hoor.

KOM ASSEBLIEF, ALMAL WELKOM.

Ons vra net 'n donasie van R15 per volwassene.- om alle koste te dek.

Vir enige navrae kontak Luuk Hepkema by 0833240613

PINKSTER 2017

Die GROOT verskil wat die Heilige Gees in ons lewe maak

SAAM MET DIE GEES EN MEKAAR ONDERWEG DEUR ROMEINE 8

So 28 Mei 9:00 Verse 1-4 *Die Gees van bevryding*

Ma 29 Mei 18:30 Verse 5-13 *Die Gees van Oorwinning*


Di 30 Mei 18:30 Verse 14-16 *Die Gees van Aanneming*

Wo 31 Mei 18:30 Verse 23-25 *Die Gees van Hoop*

Do 1 Junie 18:30 Verse 26-27 *Die Gees van Gebed*

'n Gebed vir Pinkstertyd

O Gees van Pinkster, U die groot Nuutmaker en Herskepper. U laat ons nuut word, nuut dink, nuut leef. O Gees, doen weer vir ons die wonder in hierdie pinkstertyd.



Hoe om 'n super ma te wees

Die pragtige tafels wat keurig gedek is, het ons sommer met die intrap-slag laat welkom voel. Die besige lewens van talle ma's het vir 'n rukkie op Saterdag 11 Maart tot stilstand gekom tydens die baie suksesvolle damesoggend wat deur Adri en Christa gereël is. Dr Elizma van der Smit het ons in die kerksaal oor die tameletjie tema toegesprek.



Sy het sommer weggespring met die groot vraag: "Wat is 'n super ma of knap vrou?" Dit het gou duidelik geword dat die definisie vir 'n super ma van dertig jaar gelede nie meer geld vir vandag nie.

Die moderne super ma voldoen aan 'n totaal ander kriteria. Sy maak tyd vir haar kinders om 'n regte kinderlewe te hê en versorg haar eie hart en siel sodat sy genoeg energie het om in ander se behoeftes te voldoen en tog weet sy hoe om "nee" te sê.

Sy fokus meer daarop om 'n ma te wees eerder as om die rol van 'n superma te speel en haar kind se emosionele welstand is belangriker as sy vermoëns of prestasie. Sy glo daaraan om 'n goeie huwelik te bou, dis net so belangrik as om 'n ma te wees wat weet wanneer om hulp te vra.

Sy vertrou haar intuïsie eerder as om ander na te doen en waardeer en verstaan die uniekheid van haar gesin eerder as om haarself met ander ma's te vergelyk. Die belangrikste is dat sy tyd maak om dit te geniet om 'n mamma te wees.

Ons het almal tot die besef gekom dat ons eintlik al lankal supermamma's is en net iemand nodig gehad het om dit te bevestig en is met 'n glimlag en bederfpakkie onder die arm huis toe.

Volgende keer gee ons meer inligting oor Maklike kosblik idees deur Mariska van der Merwe.



Lees ook in die Die Penniefluitjie meer oor Super mamma wees.



AKSIE PLUS WAAR ALMAL WELKOM IS!

Aksie Plus se Voëlkyk Uitstappie na Zaagkuilsdrif Bird Sanctuary op 26 Maart.

